

Mense In My

In sy lied: “Splinterruit” sing Koos du Plessis van mense:
“... en ewebeelde / skewe beelde dwaal/hink verby en word onwetend deel van my...”

Die aangehegte gedigte, meestal oor spesifieke persone, probeer verwoord watter spesifieke indrukke hulle op my gelaat het.

Sommige van die mense was/is naby aan my en daarom is die indrukke baie persoonlik. In ander gevalle was dit die tragiek waarin die persoon hom bevind het wat my genoop het om dit neer te skrywe. In nog ander gevalle kon ek nie help om sarkasties-humoristies te wees nie.

Groete

KPJ Nel Pr Ing

2008/02/27

Annelie

Vandag was jy die heuningstem
van die wat met stompieswoorde swyg

Vandag was jy die hart
van die wat net met hande praat

Vandag was jy die passie lyf
vir die wat in die skadu stilte leef

Die handebeelde waarin hul leef
en jou soeter as die soetste soet
het diep in my hart kom kleef
verbrysel genadiglik my gemoed.

---000---

[KPJ Nel](#)

2004/05/08

(Na aanleiding van 'n optrede van Annelie van Rooyen ten bate van die Trans-Oranje
Skool vir Dowes)

Bedelares

Digby die mure
van die magtige, magtige dom
in die reën sit
'n verbreekte
blom

Mense soos miere
stryk verby die magtige dom
swartjas-sy en
die kind is
stom

Vir hoeveel ure
by die deur van die dom
gesigloos, bakhand, wanneer...
sal my hulp tog
kom?

Hoeveel vlamme vure
brand digby die klein dom
verbreekte geskeurde siele
...hoe draai mens
om?

Net maar redelose diere
en 'n nietige dom,
sy en almal
as Hy op die wolke
kom?
---000---

[Karel Nel](#)

2000-12-04

(Na aanleiding van 'n vrou in swart geklee, met 'n baba in haar arms wat in die reën gesit en bedel het by die Dom in Keulen)

Beloning

Dankie dat jy my laat
jou in my arm hou
vir jou ferm lyf wat
so sorgeloos vertrou.

Dankie dat jy my laat
diep in jou oë kyk
vir jou warm siel wat
uit my laat skadu's wyk.

Dankie dat jy my laat
jou tog laat perdjie ry
vir jou skelm lag wat
iets groots in my bevry.

Dankie dat jy my laat
in jou so vreugde vind,
rykdom, al is jy net
'n hulpelose kind!

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-08-30

(Na aanleiding van my kleindogter as baba wat my toegelaat het om haar in my arms te hou)

Ben

Ek kon jou in die oë kyk en groet...

maar ek het nie
want wie sou dink
in hierdie dae
kon jy sterf?

Hoe onwerklik ver is nou die ure
voor my lessenaar
toe ons gesels het
oor jou werk?

Ek moes beter kon verstaan
van jou nie-weet-nie-vrees
wat jy saam met ons
weggeskerts het...

Helder jou beeld van glimlag
en nuusstories deel
en saampraat oor
alles onder die son.

Tog vervaag dit geleidelik
na gister saam met die
hartseer en pyn
wat jou vertrek meebring.

Gelukkig draal die troos
uit jou eie mond
dat jy slegs op Hom hoop
wat lewe en dood...

in Sy hand hou.
---000---

[KPJ Nel](#)

2003/12/15

(Na aanleiding van die afsterwe van Ben Myburgh, 'n ingenieur wat in my span gewerk het)

Bobbie

Daar was 'n man met die naam van Bob
die kantige groot-grootbaas van Zim
wat begin maar nie weet om te stop
baie dom, maar wat dink hy is slim.

Hy ry rond in 'n swart pantserkar
terwyl sy mense te voet moet stap
Grootbaas maar niks anders as 'n nar
wanneer hy in sy neus sit en krap!

Sy soldate gryp brutaal die grond
en verseël so die nasie se lot
met slegs kos vir Bobbie en sy hond
wat wys sy verstand is reeds verrot.

Die tragiek waarvoor ons maklik lag
maak dat derduisende mense ly
wat net te lank vir 'n brood moes wag
so glip hul lewe vir goed verby.

---000---

[KPJ Nel](#)

2003-01-21

(Na aanleiding van Robert Mugabe die roekelose, magshonger nar wat Zimbabwe vernietig het)

Calley

Sal ons dit kan begryp, ooit -
die alleenwit van jou stap
met net jou blomme, en bang –
krampagtig asof jy nooit
kon weet wie sou jou wou hê –
en wie na jou sou verlang?

Eindelik, nie onverwags
het die eeue oue roep
mistiek 'n weerklank gevind -
die duisend smorens en snags
eggo wat nie kan gaan lê –
het met bloed bande gebind.

Genadiglik word gegee
wat baie harteloos gryp,
en verander stofpaaie
na goddelike weë
tot waar dit eens horison
in geheue se laaie.

---000---

[KPJ Nel Pr Eng](#)

2002-10-12

(Na aanleiding van 'n vriendin wie se pa nie by haar troue was nie en wat alleen die gangetjie afgestap gekom het)

Cathrine

Die suiwer stippels klank
op die swaaiende silwerskyf
kloof diep en innig oop
die binneruim van siel en lyf.

Die onvervulde smag
van enkelhart binne 'n groep
op die skemer more
dit hang soos die reënvoël se roep.

'n Huursoldaat se prys -
of die liefde wat nie wou hoor ?
Of is dit apartheid
Wat nog aanhou ons volk vermoor?
---000---

[KPJ Nel](#)

2005/11/17

(Na aanleiding van 'n vriendin wat as sangeres haar eerste CD uitgegee het. Haar liedere is vol heimweë want haar man is 'n sekuriteitsbeampte wat in Irak groot geld verdien)

Die laaste dans

Met watter melodie...

en ewige moment
sal jy hier die laaste keer
vir jou Here dans...?

sal jy immer
sweef in verblindende
wit en rooi
op deursigtige
strate van goud...?

Soos die bekoring
van 'n aanbiddingslied
met die note vervaag
maar die salwing vertoef
so die immer beelde
van jou aanbiddingskring
in brose wit ...

sal jy steeds jubeldans
wanneer ons kom...?
---000---

[KPJ Nel](#)

2003-08-10

(Na aanleiding van 'n vriendin wat aan kanker gesterwe het se passie om aanbiddingsdansen te doen in die kerk)

Die Nuwe Prez?

Voordat die media
begin om hom te grimeer
(of is dit kamoefleer?)
laat ons langs die pad
gou-gou 'n kiekie vat
van die viriele oue
met sy twintig vroue
en steeds 'n vurige vryer
van 'n vigsvrouw wat by hom kuier.

Vir ons nog 'n bitter pil
was sy hande in ons land se till
toe hy die veroordeelde bedrieër Shaik
so baie mooi agter hom laat kyk.
Hy is die tronk nog lank nie uit
maar vir terugbetaal is dit amper tyd
al gaan dit seker 'n bietjie stadig
sal die nuwe prez hom begenadig
en dan, terwyl die burgers hoes
gaan hulle begin en aanhou oes!

Maar wag, miskien is selfs ek mislei
en die koddige prentjie is nie hy
bestaan die agterlike karikatuur
eintlik net in die Mbeki-literatuur.
Gee die man tog 'n kans in die saal
want soos baie ander het hy baie potensiaal.
Kom ons kyk terwyl hy verander van rolle
miskien verloor die luiperd sy kolle!

---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/26

(Na aanleiding van Jacob Zuma wie se beeld vinnig gepeets moet word voordat hy SA se nuwe president kan word.)

Die Profeet

Het oom Paul maar net geweet
van die manewales van die profeet
sou dit hom dalk stom verbaas
dat die man kop so hewig raas.

Dit sou vir seker baie beter wees
as oom Paul betyds die tekens reg kon lees
en vir die profeet net kon sê: Nee!
of hom `n skop onder die gat kon gee.

Maar die profeet klou soos `n magneet
net asof hy van verborge rykdom weet.
Mens wonder of wat hy in die toekoms sien
hom iets van die boedel laat verdien ?

Toe hy sy geinspireerde datum-uitspraak gee
aanvaar die familie dit maar gedwee
en hulle besef nie daarmee het die gek
die galgtou geknoop om sy eie nek.

Selfs toe die dag kom en gaan
knak dit nognie sy grootheidswaan
nog profete kom help dat dit nie sloer nie
maar o wee, oom Paul wil steeds nie roer nie

Terwyl die bedroefde familie nog wag
kan mens nie help om by jouself te lag
en hoop Beeld wys die profeet se bakkies
want hy hoort duidelik in die groen dakkies.

---000---

2004/08/04

[KPJ Nel](#)

(Na aanleiding van manewales wat `n kamstige profeet uitgehaal het by die afsterwe van oom Paul – wat maar netnie wou opstaan uit die dood, soos wat die man geprofeteer het nie)

E

Smeulende roetines
van die vrugbeginsel
lê skalkies ontbloom in
tere flourossensie
agter die skugter
glimlaggies van
die ontluikende
lentebloesiel.

---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/03

(Na aanleiding van 'n jong vriendin se troue)

F2V

Jy!
wat deur
jou vrygewigheid
die familie
langs verborge foutlyne
laat oopbars het
kelk witwarm
tussen ons oop.

Hol
klink ewige beloftes
tussen die
wat na sekondes
valse eggo's
uitgegolf het in die
onversadigbare oseaan
van selfpreservering.

Sal
daar ooit kan
uit die donker moeras
'n egte wit lelie
groeï?

---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/14

(Na aanleidng van 'n swaer se tweede vrou, op die huweliksherdenking van 'n klein niggie)

Hensopper

Kom kinders laat klein Tienie demonstreer
hoe mens in vandag se dae kan survive:
Mens moet net baie rats kan duck en dive
en baie mooi vir jou wickets kan keer!

Jy moet `n oog hê vir `n goeie scheme
en verkieslik net min beginsels hê
of bereid wees om dit gou af te lê
dan pas jy maklik in 'n ander team.

Jy vra: “ Bly jy aan jou mense getrou?”
Dis nou werklik die belaglikste tjol
want solank jy kan moet jy liever hol,
wat saak maak is mos die hier en die nou!

Jy vra: „Wat van ons trotse tradisie?“
Van daardie crap moet mens liever vergeet
dis beter om uit die krip te kan vreet -
no big deal – wat is tog in `n visie?

As mens smile terwyl jy kruip is jy cool
en so- dit kan julle gerus maar glo -
vorder mens uiteindelik tot amper bo
en sit daar lekker op jou eie stoel.

---000---

[KPJ Nel](#)

2004/08/10

(Na aanleiding van Marthinus van Schalkwyk wat die Nasionale Party ontbind en by die ANC aangesluit het)

Immy

In jou woonstel
reis ons die wereld deur
met album, video en
Marokkaanse
kiep.

Jou oop hande,
hart en spraak
vertel 'n verhaal waarin
ons ons
verdiep.

Vir een moment
kon ons ons opreg verbly
in die misterie van
Wie is jy?
---000---

[KPJ Nel](#)

2005/04/23

(Na aanleiding van 'n goeie vriendin van my dogter wat aan kanker gesterf het)

Informasiepleging

Terwyl bomme val dat die aarde dril
sien ons op TV die oom met 'n bril
en hoewel ons vermoed dit gaan maar sleg
is hy een wat verbete aanhou veg.

Met uniform en sy range en al
en talle mikrofone op 'n ry
sê hy van die vyand se finale val
en van groot veldslae alreeds verby.

Hy sê die vyand is lafaards wat lieg
en roep as getuies hemel en hel.
Hy en Saddam sal mos niemand bedrieg-
mense kan self tog die dooies kom tel!

Hy dreig ons sal hulle lewend verskroei
en soos 'n slang hul opkap in stukke.
Hier in Bagdad sal hulle sterf en bloei
als weens kriminele Bush se nukke.

Opsigselwers, alleen wen hy die stryd
vergeet van duisende mense se leed.
Die oorwinnings saai hy wêreld wyd-
net julle leef op 'n ander planeet!

Hoe kan hy tot die bittereinde veg
dapper Muhammed Saeed al Sahaf ?
“Sorg dat ons wen al gaan dit ook hoe sleg
anders kap oom Saddam jou kop mors – af!”

---000---

[KPJ Nel](#)

2003-04-21

(Na aanleiding van die belaglike skakeloffisier van die Irakese weermag wat kommentaar op die oorlog gegee het. Hy het deurgaans vertel hoe die Irakese weermag oorwinning op oorwinning behaal, terwyl hulle besig was om 'n yslike drag slae op die lyf te loop)

Jack

jou spore
loop
onsigbaar
duidelik
in mense
se verdriet en
onbeholpe waaroms

jou plek
word
onvervuld
gevol
in duisend
halwe drome
van ontnugtering

waarom
moes jy
tjaila
met die oes
op die land?
---000---

[KPJ Nel](#)

2006/01/03

(Na aanleiding van 'n vriend, 'n tandarts, wat ewe skielik alles opgegee het, sy vrou en kinders verlaat het, met iemand anders getrou het en die land verlaat het)

JP

Ontkurk,
volwasse, ryp, volrond
veredel - vir lank -
uit die goeie grond
en die strale bank
van die son se lig.

Ontsluit
van vergete deure
in die kristal kelk -
die purper geure
wat so broos verwelk
as die seël eers swig.

Ontroer
as deur nuwe hand,
ru en onverfyn,
wegloop in die sand
al ons edelwyn
in ons volle sig.

Kan iemand dalk nog weet
watter verlies en watter leed
'n verbreking van ons kring,
'n ontydige afskeid bring?

---000---

[KPJ Nel](#)

2007/10/24

(Na aanleiding van 'n jarelange kollega se vertrek vanaf Krygkor)

Juanita

Onbekende,
maar tog beminde
vêraf vreemdeling...
hoe intens het
jou vertrek
tot ons deurgedring...?

Hoeveel
droewige winde
het jou naam gefluister...
hoe intens het
ons hart
gebroke daarna geluister...?

Is ek
nie maar 'n blinde
wat struikel oor die vrae
hoe intens ek
ook daaroor dink
al my dae...?

Sal jy
sag rus beminde
terwyl jou beeld en naam...
hoe intens ook
geliefd leef
met ons saam...?

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-02-15

(Na aanleiding van ons Hoofbestuurder se dogter wat in die see gaan duik het en toe net verdwyn het)

Jy!

Die glinster van die wereld se beste
en die glans van hoe vlug
verdoef tot die blote bestaan
van 'n gesofistikeerde batteryhoender.

Alles relativeer tot niks
want die helfte van my
wesensbestaan hartklop
in 'n wereld anderkant die son...

Alle opwinding is blasé afgestomp
deur die kniehaltering van alleenheid
in 'n metropool van vreemde lewensvorme.

Die bedoelde ontdekkingsreis
plof op homself in
in 'n vreugdelose dagroetine
en herhaaldelike nagtelike
droomdiskontinuiteite.

Al langs die kontoere van
die kragveld wil ek terugreis
na die fokuspunt van my
tydelike bestaan...

---000---

[KPJ Nel](#)

2007/09/15

(Iets oor my eie huweliksmaat – soos ek dit beskrywe het gedurende 'n oorsese reis)

Kameraad

Met 'n geritsel en 'n sagte flap
het die valskerm volmaak oopgeklap
en jy kon nooit droom dis so intens mooi
as die hemelse plan bo jou ontplooi !

Hoe kosbaar wanneer die laaste sug
oorgaan in 'n heerlike, vryval vlug
en jy liggaamloos met die wind kan sweef
asof jy vir die eerste keer nou leef !

Kameraad – jou tentjie, langs watter stroom ?
Kameraad – waar maak jy vanaand jou vuur ?

Hulle sê:

mens kan oor diè kampeerplek nooit eers droom -
waar die Meester vir jou die staanplek huur -
in die skaduwee van die Lewensboom
is dit immer en altyd avontuur!

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-12-20

(Na aanleiding van 'n kollega se dood – hy was 'n valskermspringer)

Kleinstetjie

Ek stuur vir jou 'n woord of twee
na waar jy vêr gaan woon oorsee.
Ek stuur hul vir jou met 'n voël se vlug-
dit kom na jou op 'n duif se rug.

Ek stuur vir jou 'n goue droom, my kind-
neurie dit met die stem van die wind.
Ek stuur dit vêr op - by die berge verby
en hoop dat jy in die wolke mag bly.

Ek stuur vir jou my hart se liefste sug
en hoop ek kry jul vir goed weer terug.
Ek stuur dit uit dié wêreld omhoog
om jou te vind by jou reën se boog.

Ek stuur vir jou 'n gebed my kind
dat jy die goue stad van God sal vind.
Ek stuur dit omdat ek geen skatte het,
daarom bid ek vir jou 'n hemelbed !

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-01-23

(Ietsie geskrywe vir my kleindogter)

Kontinentekind

Afrika
het jou siel
gevangene
toe jou vrye opinie
die wysheid van die voorvaders
minag het...

Hoe keer
eeue se veredeling
hunkerend tog terug
na die hopelose aarde
in die gebarste werklikheid
van 'n songebruinde
kind ?

Jou nuwe denke
kloof langs primitiewe
nate die ou vooroordeel oop
en oopoë-verblind
beland jy tussen
die maalklippe van
die voorspelbare
noodlot...

Hoe troos
mens die ewig tergende
sug van wie die anderse ek is
in die geinkarneerde werklikheid
van die sonde van die
voorvaders?
---000---

[KPJ Nel](#)

2006/07/06

(Na aanleiding van 'n kindjie wat gebore word uit 'n kruis kontinentale en 'n kruis kulturele huwelik)

Lekota

Nie maar net vanaf eergister
ons verdedigings minister
wat al iets begin teverstaan
oor hoe en hoekom dinge gaan.
Hy staan dapper op die verhoog
en beweer dat Zuma maak droog
want nog vryheidsliedjies te sing
van die masjiengeweer te bring
maak hom eintlik maar net 'n aap.

Natuurlik was hy baie reg
maar toe draai dinge baie sleg
want wie verstaan dit tog nog nie
van afrika demokrasie -
en met 'n baie groot geraas
word die einste Zuma die baas
en wyl hulle die liedjie sing
van die masjiengeweer te bring
Wys TV jy voel soos 'n skaap!
---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/26

(Na aanleiding van lekota se verleentheid toe Zuma as nuwe ANC president gekies is)

Lewensmaat

Flikkervlam, flikkervlam
Jy! My meisiemens!
Hartsgeluk se telegram,
vervul my elke wens!

Sterrevonk, sterrevonk
Jy! My lewensvuur!
Ligstreep in my binnetronk,
geluksbron elke uur!

Lentewind, lentewind
Jy! My soetelief!
Dartel soos 'n harelint,
geurig soos 'n minnebrief!

Helder stroom, helder stroom
Jy! Grootste fonds ooit gevind!
Heerlik soos 'n na-nag droom,
dierbaar soos my hart se punt!

Winternag, winternag
Jy! Glashelder soos kristal.
Diamanthard in die sagste sag,
soetste kelk met tog 'n druppel gal!

---000---

[KPJ Nel](#)

(Iets oor my eie lewensmaat)

M

Witgoud -
kronkelkrul
vonkel skoonheid
sprankel laggend
in bewonderende
woordespel
tot ewige
verbintenis ...?

---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/03

(Na aanleiding van 'n jong vriendin op haar troudag)

MAG/3015

Hoe sê ek my gemoed
Toe ek vir oulaas groet?
'n Jaar of twee draai verby
Regop staan- die hart opsy!

Eerste dag- nog onontdek
Diamant inspekteer die plek
Later uitvind wie is die jy
Regop staan - die hart opsy!

Elke oomblik sonder vrae
Dien en duisend koffies aangedra
Mnr Nel se kantoor - dit was jy
Regop staan - die hart opsy!

Bewaar, beskerm baiekeer onbedank
Dra die laste al is jy soms mank
Baie staan voor jou in die ry
Regop staan - die hart opsy!

Tog ook maar net 'n stukkie mens
Baie soos 'n onvervulde wens
Wanneer sal die geluk jou kry?
Regop staan - die hart opsy!

Juis dit - die loutering
Dit dra goud jou lewe in
Selfs onreg dit bou jou - glo vir my
Regop staan - die hart opsy!

Hoe so 'n mens dan agterlaat
Om nooit weer daarvoor te praat?
Kosbaar tye is verby
regop staan - die hart opsy!

--000—

[KPJ Nel](#)

(Na aanleiding van die dienste van 'n getroue sekretaresse toe ek die organisasie verlaat het)

Marietjie

Hoe gou het jou uurglas leeggeloop
en finaal die laaste korrel se val
toe oombliklik die ewigheid realiseer
in die onverwagse vorteks van die dood...

Die verwoestende flitsmoment sluit
en kring vir ewig voort in menseharte
en ook in dowwe ongefokusde sfere
om jou vervagend noodlottig te fikseer...

Verwaaid is die illusie van onafhanklikheid
toe jy skielik geforseerd ontruk word
aan die boeie wat onverstaanbaar knel
om die lewensweefsel van ons saambestaan...

Sal vergange skoonheid voort bly leef
of sal net die laaste bitter woorde draal
as die koringkorrel vergruisend breek
onder die ystertande van die dorslee ?

---000---

[KPJ Nel](#)

2004/03/11

(Na aanleiding van 'n vriendin wat in 'n afgryslieke motorongeluk oorlede is op pad na die Argus toe)

Marije

Net soos 'n verskietende ster
of 'n verbygaande komeet
het jy alleen gekom van ver,
bane gekruis met ons planeet.

Wat sou jou verbyreis ons bring
skadu's of reën of vuur of wind
vreugde, hartseer wat uit sou kring
net soos gedagtes aan 'n kind?

Net 'n moment op tyd se lyn
het jou lewenslus en waagmoed
van jeugdigheid op ons geskyn
om dan weer te vervaag vir goed.

As jy nou na die verte swaai
wonder ons wanneer kom jy weer
en wonder wat het hierdie draai
dalk in jou hart gedeponeer?

Dalk sal Afrika met sy bloed,
die son en hartseer van die land
jou vertel van ons hoogste goed
en in jou word 'n korrel sand...

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-08-24

(Na aanleiding van die besoek van 'n aangetroude familielid van Nederland af)

Marike

Wie sal verstaan
die laaste stukkie pad
waarlangs jy moes gaan?
Het jy gesmeek of
het jy gevrees
toe die beloftes breek
dat dit die begin
van die einde sou wees?
Jy wat aan sy sy
oral in die land
en die wêreld heen kon ry -
en die roem kon deel -
het jy ooit gedink
dit kos so veel?
Het jy ooit kon dink,
toe die mense jou vereer,
as eerste vrou,
dit maak so seer?
Ons groet jou -
moeder van ons volk -
in hierdie tye wat alles
skeur en maal en kolk!

---000---

[KPJ Nel](#)

2001-12-05

(Na aanleiding van die tragiese moord op Marike de Klerk)

Marita

Soos die reënvoël se roep
het jy vlugtig verdamp
tot oksiedes van as
en die sterstof -
wat jy altyd was.

Soos die swaeltjies se vlug
het jy ook migreer
en al wat jy laat
is `n handvol stof -
in `n kissie van kiasat.

Soos `n stempel op papier
op joune se harte gedruk
is jy wasig weg maar tog hier
in die reis op pad na geluk.

---000---

[KPJ Nel](#)

2004/11/23

(Met die afsterwe van Lizelle Henrico se ma)

Martiensie

Die jare toe ons nog kon
het ons mos gestem en dan
het ons gedink ons eerste
minister is pure man...

Nou dat ons beswaarlik kan
selfs ons krisis verhoed
nou kies ons jou wrintiewaar
'n opgeskote japsnoet!

Hy spartel en klou benoud
want van die eens sterk party
het in die maalstroom net maar
'n paar stukkies oorgebly.

By die diepkant ingegooi
bly hy gelukkig bedoord
en nou en dan dan trek hy
net aan die ou ooms se baard.

Ry seblief voet-in-die-hoek
en gee sommer baie vet
ouboet en laat ons tog sien
of jy dalk die volk kan red!

---000---

[KPJ Nel](#)

2003-01-10

(Na aanleiding van Marthinus van Schalkwyk wat die NP tot niet gemaak het en by die ANC aangesluit het)

Mbeki

Jou dodelike
gesig vertel
jy besef jou dae
is getel.

Die kamerade
het teen jou gedraai
en hartgrondelik is
jy verraai.

Jou kanse is verspeel
en jy voel
die wurggreep van mag
om jou keel.

Wie sal jy
nou vertrou
na hierdie verpletterende
lae hou?

Vir lank was
jy die tolk
maar nou sal ons sien
die realiteit van die
nie-rassige volk..?

Geskiedenis wil hê
dat jy nie sonder
'n slinkse plan
sal gaan lê.

Maar al spook
jy ook hoe
die ander kant
het reeds jou
bloed geproe...
---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/25

(Na aanleiding van Mbeki se dilemma op die kongres waar Zuma bo hom verkies is)

Mensie

Soms staan mens so vêr
en lyk dit so klein
die realiteit van
‘n ander familie se pyn.

Mens weet nie wat dit kos
selfs tot die laaste sent
as onbereikbaar jou hart is
op ‘n ander kontinent.

Hoe verduidelik ‘n mens
huweliks- en internasionale reg
vir hulle wat maar net voel
ons kind - hy is weg!!

Mense sal in kringe wroeg
later selfs sonder ‘n traan
en wonder of eendag, iemand
hierdie hartseer sal verstaan?

Sal iemand hoor as die kindjie roep
selfs as hy nie weet waarom dit is?
Kan iemand dalk help waar ek nie kan
want hoe anders kom my hart tot rus?
---000---

[KPJ Nel](#)

2005/04/21

(Opedra aan Noë – ’n klein mense oor wie sy ouers en grootouers in internasionale
gedinge betrokke geraak het)

Merlijn

Ietsie van my
het hier vêr vêr
kom bly.

Ietsie so sag
wat oral rondom
laat lag.

Ietsie wat deel
wat oral rondom
harte steel.

Aan die ander kant-
hier vêr- weet jy
van die band?
So vêr, so bang-
hier vêr- weet jy
van die groot verlang?

My hart
wil nie verstaan
dat ek so vêr
weg moet gaan.

[Karel Nel](#)

2000-12-17

(Iets oor my eertse kleinseun)

Mokaba

Elke keer as nog 'n landbouer sterf
vra ons of dit net die saad is wat groei
van Afrika se staalspykerwoorde
ru ingekap tot ons volksiel moes bloei ?
Is hierdie hemelskreeuende moorde,
is dit wat ons land se kinders moet erf ?

Pas oorwin die stryd , sy mense se held
en net begin eet van die nuwe land -
sou mens nimmer kon verwag of kon raai
dat die stryd nog nie verby was nie, want
die dodelike sens sou jou kom maai
en jou dag kom doof oor Afrika veld...

Ons groet, terwyl ons verwondering het
en wens jou wel op jou verdere weg.
Ons hoop dat jy ook vergifnis sal vind
oor alles wat verkeerd was en ook reg.
Hy alleen kan dit gee - ja, ons is blind -
genade by die Man van Nasaret!

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-06-16

(Na aanleiding van die aggressiewe swart leier wat haat teen die blanke boere gestook het se sterwe aan VIGS)

Picasso

Ek wonder oor
die kiekies uit jou siel
en wonder wat
het jou so pervers verniel?

Ek verken vlugtig verby
die kaarte van jou hart
en krimp ineen oor
hoe jy die Lewe tart

Ek draai my rug op jou
en gaan met my lewe voort
en wonder waar jy bly
in watter verwronge oord?

---000---

[KPJ Nel](#)

2005/04/07

(Na aanleiding van 'n besoek aan die Picasso museum in Luzern, Switzerland)

Plakkermens

Deur my stukkies plastiek
en staal
skroei die yl windjie van
transvaal.

Teen die reën het ek die genade
van plastieke en pale en drade.

Ek huil in my hande
oor die werk van skande
want op deurnat grondvloere
pyn ek na oop lande.

So droewig my huisie
geryg langs die krom straat
en selfs treurig die wysie
wat my hi-fi nou praat.
Soos enige ander vrou
wens ek hom te behou
tog telkens onttrek hy
so pynlik soos nou.

---000---

[KPJ Nel](#)

2005/05/29

Volgens die patroon van
EN Marais se “Winternag”.

Geskrywe na aanleiding van die plakkers in ons omgewing.

Plakkerprobleem

jirre seblieftog mineer
die paar sinkies is al wat ek het
die tafel, die kassie en die bed

kan jy weet hoe maak dit seer
as julle almal sê ons is vry
en ek het nie 'n plek om te bly

sê my waar begin ek weer
wat verstaan ek van die hofbevel
of prima grond wat jul van vertel

is ek dan net 'n papier wat waai
iemand wat enigeen nekomdraai
jirre seblieftog mineer...

---000---

[KPJ Nel](#)

2006/08/22

(Geskrywe na die hardhandige verwydering van plakkers uit ons omgewing)

Pynvrou

Met die eerste bittere ryp
Asof jy gewag het vir die kou
Het jy oplaas gegroet
O pynvrou!

Wie onthou sy bewende mes ?
Deur sy kragtige dodelike hou
Het jy onregverdig geboet
O pynvrou!

Wie dink aan die verskriklike jare?
Pyn maak minute soos dae vir jou
So roof hul jou huis en jul goed
O pynvrou!

Wie bly staan voor jou smekende oë?
Asof jy pleit: Verlossing kom gou!
Lewe wat wegsypel soos bloed
O pynvrou!

Selfs toe dit was of jy nie meer is
Het jy hardnekkig die lewe geklou
Of jy steeds wou sê: Hou moed!
O pynvrou!

Nou's dit alles mos klaar
Almal behalwe een om die graf gerou
Weet hy, jaag dit hom ewig vir goed
O pynvrou!

---000---

[KPJ Nel](#)

99/05/31

(Na aanleiding van die tragiese gebeurtenis waar 'n vorige sekretaresse deur 'n nalatige snydokter se fout verdoem is tot 'n lewe van pyn, en uiteindelik 'n tragiese dood)

Roosknop

Dit was iets baie raar
dat so 'n seldsame blom
nie van 'n kweker maar
uit 'n agtertuin sou kom..

Kenner selfs kon nie sê
of skoonheid in die kleur
van kelk of kroon sou lê
of in die delikate geur?

Van vêr en baie wyd
kom kyk mense na die roos
tuinier word soms spyt
die knoppie is so broos

Toe die knop oop wou vou
Wou duisend angstig sugte weet
Is dit mooier as ons onthou?
Kan mens die blom se waarde meet?

Een more het die blom verdwyn
Geneem, gepluk wyl niemand kyk
net 'n blaar, 'n flenter pyn
in die wind, heel verbleik

Tuinier? Het jy nie gewaak?
Het jy die slaap verkies?
Het dit jou nie getraak
Die oneindige verlies?

Dis weer net 'n agtertuin
tuinier wat eensaam woon
hart besig om weg te kwyn
die blom had 'n dowwe kroon!

4 Jan 1999

[KPJ Nel](#)

(Die verhaal van 'n pa wat misluk het)

Saddam

Hoe het jy geval
swart god net van brons
na duisend presisiëpyle
en tienduisende kopskote...

Hoe was jy gevrees
met jou hemel-arm
wat so baie hel gebring het
tot jou gedwonge tuimeling...

Hoe was jy verag
dat hul skreeuend spuug
en skoene in jou gesig slaan
na jare diep verborge haat...

Dagon van ons tyd
van wie kop en arms
op sleeptou geneem deur die stof
gekrummel het voor die geldgod...

---000---

[KPJ Nel](#)

2003-04-20

(Na aanleiding van die val van Saddam Hussein se standbeeld na die oorlog in Irak)

Savimbi

Op die voorblaaië pryk
jou gevalle, roerlose lyk.
Daar op die ruwe grond -
doodgeskiet soos 'n hond!

Jy was tegelykertyd mos,
o generaal van die bos,
ge-eerd, gehaat en verag
deel van 'n verworpe geslag.

Wie sal nou juig of treur
na dit wat hier gebeur?
Jou dapper, bitter stryd
is nou verby - vir altyd.

Mens wonder sou jy kon tel
wat alles kos hierdie spel -
duisende se bloed in die sand
van jou geliefde Angolaland.

Is dit al die roem verwerf
om net soos 'n hond te sterf?
Kom ons vra, al is dit te laat,
wat het dit jou alles gebaat?

Sal julle tog die ellendiges hoor
wat julle so met geweld deurboor:
mense wat verslae of juigend kyk
na 'n enkele geskende lyk ?

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-02-25

(Na aanleiding van die insident toe Jonas Savimbi van Unita in Angola doodgeskiet is, en die foto van sy lyk in die plaaslike koerant gepubliseer is)

SANGERES

Stroompie
wat met silwer klater
soos kleine klokkies gaan
en helder water...
so sing die sopraan,

Diep kuil
daar om te verfris
klanke goud wat vergestalt
'n salwende rus
so sing die alt.

Weegskaal
wat klanke goud en silwer weeg
is ongekende snare van die hart
wat saam tril en beweeg
in geheim gedeelde vreugd of smart

Baie stemme
kan silwer smelt
maar baie min giet die goud
ongekoop, ongeraak deur geld
klanke tydloos oud !

[KPJ Nel](#)

(Na aanleiding van 'n sangeres met 'n bekoorlike stem)

Soeker

Die skreeupyn
van waarom
openbaar die soeker
na daarom...

Die humor
van klaarheid
verbloem die soeke
na waarheid...

Die telkemale
se uitverkoop
verbreek elke
vonkie van hoop...

Tog die immer vraag:
Kan ek my nogeens waag?
---000---

[KPJ Nel](#)

2005/04/23

Opedra aan Jan Houwert, Haarlem.
(’n Soekende agnostikus)

Sterpaleis

Oë

Is 'n skalkse ruit
Want die binnehart
Die bring hul uit...

Selfs

'n enkel flits
verklap so veel
as 'n binne gids...

Soms

'n Vuur se streep
wat die nag se donker
oop kom keep...

Of

'n lig gebreek, geskerf
wat rond vertel
van 'n hart wat swerf...

Dalk

'n onverkende gloed
wat glim
uit vuurwitwarm bloed...

Min

Wat rêrig skitter
Selfs al is
Die lewenskelk ook bitter...

Hoe

Geseënd die wat wys
Dat binne
Is daar 'n sterpaleis!
---000---

[KPJ Nel](#)

2000/07/21

(Vir 'n vriendin se veertigste verjaarsdag)

Stroompie

Ek verfris my
in jou silwer sproeireën.

Ek baai my
in jou goue geurigheid.

Ek les my dors
in jou kristalklanke...
terwyl ek my verwonder
oor die besmette bron.

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-01-01

(Na aanleiding van 'n sangeres se bekoorlike stem, maar haar emosioneel versteurde lewe)

Thabo

Ons sou nog wou groet
maar voor ons wis
het jou nuwe reis begin.

Ons sal jou mis
maar in 'n sin
sal jou beeld bly hang -
van stille nederigheid -
soos jou groet in die gang.

Jammer ons het nie gevra
of daar 'n swaar las is
wat jy dra...

Tsamaia Sentle Rra!

[KPJ Nel](#)

2002-11-20

(Na aanleiding van 'n jong kollega se dood aan VIGS)

Transient

In volle bloei en volmaakte glorie
kelk jy volmondig die glimlagdag om
in 'n skitterwit heerlijkheid-storie
van 'n dragtige uur wat tog moes kom...

Tintelende , verspeelde momente
lê dig saam in diè oomblik versluis-
nes drome in 'n vergete lente.
Ademloos sal ons die moment kuier
en vir ewig die transaksie fikseer
wat soekers deur al die eeue begeer...

Die uiterste wins vir enkellinge
is meestal soms die einde van die wag
van sugtende droom- en newelringe -
soos 'n bergstroom wat in 'n stormnag
van loop verander en noodwendig lei
na die groot diepte van 'n skeurvallei..

Die kapitaal wat skalks realiseer
en die wins waarin mens verwonderd delf
is nie einde nie, maar begin alweer
'n nuwe dag van voor af wat vanself
weer en weer dieselfde vreugde sal bring
van immer herhalende lewenskring...

By die tuin waarin die wit lelie kelk
vertoon elke ander blom momentaan –
asof hulle nimmer ooit sal verwelk –
die krag van ons inherente bestaan.
Die stuwende, onstuitbare gedrang
is net die lewe se eiebelang!

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-12-02

(Na die troue van 'n jong vriendin)

Vanessa

Vir 'n oomblik
het die baan
van ons aarde
deur die voetspoor
van jou komeet
beweeg
digby Carolina.

In jou dampkring
was ons veilig
teen die winter
van Desember

Tevergeefs
gesoek na 'n foto
maar jou skalks gevind
in die wit Bybel
en onvoltooide
skildery

Hoewel jy weg was
was jy tog hier
soos warm skadu's
van duur parfuum
wat in die lug
bly hang...
---000---

[KPJ Nel](#)

2007/12/09

(Na aanleiding van die verblyf in 'n onbekende dame se woonstel gedurende 'n troue)

Van Gogh

Mense stroom
na jou katedraal
om iets vir hulleself
uit jou prente te haal

Iets vreemds uit
die brokke van jou siel
trek pilgrims self
deur die lewe verniel.

Jou prente is briewe
met seëls van veraf plekke
en jy staan by elkeen
soos half-oop hekke.

Jou konsepte
is soos halfgeskrewe sinne
en so word elke besoek
'n filosofiese reis na binne.

---000---

[KPJ Nel](#)

2005/04/22

(Na aanleiding van 'n besoek aan die Van Gogh museum in Amsterdam)

Veertjie

Lief veertjie, liewe kind
ligter as 'n briesie lentewind
weet jy hoe innig
is ons aan jou verbind?

Lief veertjie , liewe hoop
wat soos 'n bergstroompie loop
weet jy hoe vinnig
maak jy vir ons bloeisels oop?

Lief veertjie, liewe blom
met 'n geur wat uit die hemel kom
weet jy hoeveel
gee ons tog vir jou om?

Lief veertjie, liewe ster
wat vir ons flikker uit die verste ver
Weet jy hoe diep
die see is wat ons versper?

Lief veertjie, liefsteling
wat diep in ons hart 'n liedjie sing
weet jy hoe groot
oor jou is ons verwondering?

---000---

[KPJ Nel](#)

2004/02/28

(Vir my eerste kleindogter)

Verjaarsdag.

Kom laat ons op hierdie heugelike dag
bietjie saam met onse Madiba lag
en laat ons vir 'n rukkie vergeet
van die verlede met al sy leed.

As mens nou kyk na al die roem en eer
wonder mens wat om daaruit te leer...?

Mens wonder hoeveel hoë paaie loop dalk
verby Robbeneiland se groewe van kalk...?
---000---

[KPJ Nel](#)

2003-07-18

(Geskrywe op madiba se verjaarsdag)

Video

Meters polimere van plastiek
en oksiedes van metaal
dra oor berg en see en land
beelde, helder en soms oorbelig,
van 'n gelukkige ballingskap.

Oor steriele vloere
en agter vriendelike tralies uit
pols my bloed in nuwe lewe
en verskyn een-een stompieshare
en haastande ongemerk.

Elke flenter vloer eksplorاسie
is hartsvernietigende
gelukspyle wat met diep
droefheid intens verheug.

En soos die lewe
langs sy groewe
een vir een ontvou
wonder ek:

.....waarom?

---000---

KPJ Nel
2003-04-06

(Na aanleiding van videobande wat ons ontvang wat ons effens laat deel in die
grootword van ons kleinkinders in Nederland)

Vlinderliggie

My vlinderliggie
fladder-flikker aan,
of soos 'n fosformuggie
wat 'n nuwe ligpad baan.

Daar - na die verre bang
werp ek nette van die hart
om jou sag vir my te vang
en jou bewaar van smart.

Helaas, moet ek tog besef
dat jy jou eie pad moet gaan
hoe diep dit in my ookal tref
en my hart dit nooit verstaan.

Liewe, teerbeminde kind
om jou sal ek kastele bou
en ewig soos die wind
my hande om jou hou.

---000---

[KPJ Nel](#)

2002-02-17

(Vir my eerste kleindogter)

WINDEKIND

Windekind !

Gousblom,ligstraal,warrelwind.,
Merk ek in die eens glinsterende-
nou pynverdofde oog
Nog 'n stukkie van die kleureboog ?

Blindekind !

So baie wat mens verblind
soos swart getinte glas
word later gereinig deur ons pyn
dat die lewenslig op ons kan skyn !

Bemide kind !

Deur die Heer gevind !
Net in Sy toegevoede hand
is daar hoop
en gaan jou blom weer oop !

[KPJ Nel](#)

(Na aanleiding van die weggaan van die sekretaresse wat deur 'n nalatige fout van 'n snydokter in 'n tragiese lewe van gedompel is)

Winnie

Daar was op 'n tyd 'n bekende vrou
wat min gebak het maar te veel gebrou:
Winnie Madikizela Mandela
het gevat sonder om iemand te vra !

Sy kom voor die magistraat met die bril
en hy sê: Kameraad liever bly stil-
Jy is nou wel die ma van die nasie
maar verstaan die hof werk soos purgasie!

Ons bly mos nou al lank al in Noordwes,
Mpumalanga, Gauteng en die res
maar iets wat jou nou in gaan haal
is die harde wet van die ou Transvaal!

So gaan dit by ons maar lekker en wild
en alles bronstig apartheid se skuld.
Ek sê vrouens is beter by die huis
daar hou hul makliker die hande tuis!

'Skuus, miskien is ek 'n bietjie te streng
in hierdie tye, my siening te eng.
Miskien is dit net die politici
wat nie meer enige waardes het nie ?

---000---

[KPJ Nel](#)

2003-04-26

(Ietsie oor Winnie Mandela se eskapades)